Short-term loans	15	164 549	141 335	106 961	141 400
Bank overdraft		179	263	116	
Income tax		1 522	1 737	608	1 136
		<u>190 060</u>	<u>171 094</u>	<u>124 620</u>	<u>166 915</u>
Total equity and liabilities		<u>393 113</u>	<u>316 178</u>	<u>302 060</u>	<u>291 960</u>

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale
INKOMSTESTAAT vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006

		Groep		Koöperasie	
	AANTEKE- NING	2006 R'000	2005 R'000	2006 R'000	2005 R'000
Inkomste		401 418	385 269	307 874	293 495
Koste van verkope		(330 574)	(322 678)	(262 640)	(252 457)
Bruto wins		70 844	62 591	45 234	41 038
Ander bedryfsinkomste		20 909	17 755	18 769	15 942
Administratiewe uitgawes		(14 651)	(15 702)	(8 691)	(9 837)
Ander bedryfsuitgawes		(36 484)	(31 962)	(31 387)	(29 192)
Bedryfswins	16	40 618	32 682	23 925	17 951
Finansieringsinkomste	17	183	112	3 471	5 602
Finansieringskoste	18	(16 235)	(12 128)	(12 358)	(11 726)
Wins voor belasting		24 566	20 666	15 038	11 827
Belasting		(5 766)	(3 748)	(2 898)	(1 634)
Wins vir die jaar		18 800	16 918	12 140	10 193
Toeskryfbaar aan:					
Lede		17 261	15 210	12 140	10 193
Minderheidsbelang		1 539	1 708	-	-
		18 800	16 918	12 140	10 193



SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LIMITED and its subsidiaries
INCOME STATEMENT for the year ended 28 February 2006

		Group		Co-operative	
	NOTES	2006 R'000	2005 R'000	2006 R'000	2005 R'000
Income		401 418	385 269	307 874	293 495
Cost of sales		(330 574)	(322 678)	(262 640)	(252 457)
Gross profit		70 844	62 591	45 234	41 038
Other current income		20 909	17 755	18 769	15 942
Administrative expenditure		(14 651)	(15 702)	(8 691)	(9 837)
Other current expenditure		(36 484)	(31 962)	(31 387)	(29 192)
Operating profit	16	40 618	32 682	23 925	17 951
Financing income	17	183	112	3 471	5 602
Financing cost	18	(16 235)	(12 128)	(12 358)	(11 726)
Profit before taxation		24 566	20 666	15 038	11 827
Taxation		(5 766)	(3 748)	(2 898)	(1 634)
Profit for the year		18 800	16 918	12 140	10 193
Attributable to:					
Members		17 261	15 210	12 140	10 193
Minority interest		1 539	1 708		
		18 800	16 918	12 140	10 193



**SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale
STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT – GROEP**
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006

	Aandelekapitaal		Reserwes			Minderheidsbelang		Totaal R'000
	R'000	Algemene reserwe R'000	Gebeurlik- heidsreserwe R'000	Reserwe vir toekomstige onderhoud R'000	Reserwe vir krediet- verskaffing R'000	Bilike waarde reserwe R'000	Opgehoopte winste/ (verliese) R'000	
Saldo op 1 Maart 2004	543	6 317	25 478	593	1 200	14 406	1 035	53 365
Effek van verandering in rekeningkundige beleid							(1 197)	(1 756)
Aangepaste saldo op 1 Maart 2004	1 469	6 317	25 478	593	1 200	14 406	(162)	51 609
Aandele uitgereik/opgeroep gedurende die jaar	(41)	-	-	-	-	-	-	1 469
Aandele afgelos	(9)	-	-	-	-	-	-	(41)
Toename in aandele gehou deur filiale	-	9	-	-	-	-	-	(9)
Verbeurdverklaring van ledebelangfondse	-	-	-	-	-	-	-	9
Surplus met hermeting na bilike waarde van beleggings besikbaar vir verkoop	-	-	-	-	-	15 049	-	15 049
Aanpassing teen uitgestelde belasting	-	-	-	-	-	(2 244)	-	(2 244)
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	15 210	16 918
Bonusse verklaar	-	-	-	-	-	-	-	(4 483)
Uitgestel	-	-	3 789	-	-	-	(3 789)	(1 921)
Kontant	-	-	-	-	-	-	-	(1 921)
Oordrag (vanaf opgehoopte winste)/na reserwes	-	-	-	-	-	-	-	(3 789)
Saldo op 28 Februarie 2005	1 962	6 326	29 267	593	1 200	27 211	4 855	76 356
Aandele uitgereik/opgeroep gedurende die jaar	262	-	-	-	-	-	-	262
Aandele afgelos	(52)	-	-	-	-	-	-	(52)
Verbeurdverklaring van ledebelangfondse	-	-	-	-	-	-	-	-
Kapitalisasie aandele ontvang - Kaap Agri	-	-	-	(163)	-	-	163	-
Oordrag van reserwe vir toekomstige onderhoud	-	-	-	-	-	-	-	-
Verhoging in bilike waarde reserwe as gevolg van verlaging in belastingkoers	-	-	-	-	-	75	-	75
Geakkumuleerde winste op vervreemde belegging oorgedra na die inkomstestaat	-	-	-	-	-	-	-	-
Surplus met hermeting na bilike waarde van beleggings beskikbaar vir verkoop	-	-	-	-	-	44 284	-	44 284
Aanpassing teen uitgestelde belasting	-	-	-	-	-	(6 323)	-	(6 323)
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	17 261	18 800
Bonusse verklaar	-	-	-	-	-	-	-	(5 740)
Uitgestel	-	-	-	-	-	-	(2 460)	(2 460)
Kontant	-	-	-	-	-	-	(3 940)	-
Oordrag (vanaf opgehoopte winste)/na gebeurlikheidsreserwe	-	-	3 940	-	-	-	-	-
Oordrag van kapitale winste met verkoop van bates	-	120	(120)	-	-	-	-	-
Saldo op 28 Februarie 2006	2 172	6 446	33 087	430	1 200	65 247	10 139	125 202

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LIMITED and its subsidiaries
STATEMENT OF CHANGES IN EQUITY – GROUP
for the year ended 28 February 2006

	Share Capital		Reserves				Minority interest	
	R'000	R'000	Contingency reserve R'000	Reserve for future maintenance R'000	Reserve for provision of credit R'000	Fair value reserve R'000	Accumulated profits/(losses) R'000	Total R'000
Balance 1 March 2004	543	6 317	25 478	593	1 200	14 406	1 035	53 365
Effect of change in accounting policy	-	-	-	-	-	-	(1 197)	(559)
Adjusted balance on 1 March 2004	543	6 317	25 478	593	1 200	14 406	(162)	51 609
Shares issued/called up during the year	1 469	-	-	-	-	-	-	1 469
Shares redeemed	(41)	-	-	-	-	-	-	(41)
Increase in shares held by subsidiaries	(9)	-	-	-	-	-	-	(9)
Forfeiture of member interest funds	-	9	-	-	-	-	-	9
Surplus upon re-evaluation in fair value of investments available for sale	-	-	-	-	-	15 049	-	15 049
Adjustment against deferred taxation	-	-	-	-	-	(2 244)	-	(2 244)
Profit for the year	-	-	-	-	-	-	15 210	16 918
Bonuses declared	-	-	-	-	-	-	(4 483)	(4 483)
Deferred	-	-	-	-	-	-	(1 921)	(1 921)
Cash	-	-	3 789	-	-	-	(3 789)	-
Transfer (from accumulated profits)/to reserves	-	-	-	-	-	-	-	-
Balance on 28 February 2005	1 962	6 326	29 267	593	1 200	27 211	4 855	76 356
Shares issued/called up during the year	262	-	-	-	-	-	-	262
Shares redeemed	(52)	-	-	-	-	-	-	(52)
Forfeiture of member interest funds	-	-	-	-	-	-	-	-
Capitalisation shares received - Cape Agri	-	-	-	-	-	-	-	-
Transfer of reserve for future maintenance	-	-	-	(163)	-	-	163	-
Increase in fair value reserve due to lowering of taxation rate	-	-	-	-	-	75	-	75
Accumulated profits on disposed investment transferred to the income statement	-	-	-	-	-	-	-	-
Surplus on re-evaluation to fair value of investments available for sale	-	-	-	-	-	44 284	-	44 284
Adjustment against deferred taxation	-	-	-	-	-	(6 323)	-	(6 323)
Profit for the year	-	-	-	-	-	-	17 261	18 800
Bonuses declared	-	-	-	-	-	-	1 539	1 539
Deferred	-	-	-	-	-	-	(5 740)	(5 740)
Cash	-	-	-	-	-	-	(2 460)	(2 460)
Transfer (from accumulated profits)/to contingency reserve	-	-	-	-	-	-	(3 940)	-
Transfer of capital profits on sale of assets	-	120	(120)	-	-	-	-	-
Balance on 28 February 2006	2 172	6 446	33 087	430	1 200	65 247	10 139	125 202

**SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale
STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT – KOÖPERASIE**
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006

	Aandelekapitaal		Reserwes		Opgehoopte winste R'000	Totaal R'000
	R'000	Algemene reserwe R'000	Gebeurlikheidsreserwe R'000	Bilike waarde reserwe R'000		
Saldo op 1 Maart 2004	546	6 317	25 799	14 406	-	47 068
Aandele uitgereik gedurende die jaar	1 469	-	-	-	-	1 469
Aandele atgelos	(41)	-	-	-	-	(41)
Verbeurverklaring van ledebelangfondse	-	9	-	-	-	9
Surplus met hermeting na bilike waarde	-	-	-	15 049	-	15 049
van beleggings beskikbaar vir verkoop	-	-	-	(2 244)	-	(2 244)
Aanpassing teen uitgestelde belasting	-	-	-	-	10 193	10 193
Wins vir die jaar	-	-	-	-	(4 483)	(4 483)
Bonussse verklaar	-	-	-	-	(1 921)	(1 921)
Uitgestel	-	-	-	-	-	-
Kontant	-	-	-	-	-	-
Oordrag (vanaf opgehoopte winste) /na gebeurlikheidsreserwe	-	-	3 789	-	(3 789)	-
Saldo op 1 Maart 2005	1 974	6 326	29 588	27 211	-	65 099
Aandele uitgereik/opgeroep gedurende die jaar	262	-	-	-	-	262
Aandele atgelos	(52)	-	-	-	-	(52)
Verbeurverklaring van ledebelangfondse	-	-	-	-	-	-
Kapitalisasie aandele ontvang – Kaap Agri	-	-	-	-	-	-
Verhoging in bilike waarde reserwe as gevolg van verlaging in belastingkoers	-	-	-	75	-	75
Geakkumuleerde winste op vervoemde belegging oorgedra na die inkomstestaat	-	-	-	-	-	-
Surplus met hermeting na bilike waarde van beleggings beskikbaar vir verkoop	-	-	-	44 283	-	44 283
Aanpassing teen uitgestelde belasting	-	-	-	(6 323)	-	(6 323)
Wins vir die jaar	-	-	-	-	12 140	12 140
Bonussse verklaar	-	-	-	-	(5 740)	(5 740)
Uitgestel	-	-	-	-	(2 460)	(2 460)
Kontant	-	-	-	-	-	-
Oordrag (vanaf opgehoopte winste)/na gebeurlikheidsreserwe	-	120	3 940	-	(3 940)	-
Oordrag van kapitale winste met verkoop van bates	-	-	(120)	-	-	-
Saldo op 28 Februarie 2006	2 184	6 446	33 408	65 246	-	107 284

Ingevolge Artikel 66(3) van die Koöperasiewet kan die Algemene Reserwe slegs aangewend word om kapitaalverliese te vergoed.

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LIMITED and its subsidiaries
STATEMENT OF CHANGES IN EQUITY – CO-OPERATIVE
for the year ended 28 February 2006

	Share capital		Reserves		Fair value reserve	Accumulated profit	Total
	R'000	R'000	General reserve	Contingency reserve	R'000	R'000	R'000
Balance on 1 March 2004	546	6 317	-	25 799	14 406	-	47 068
Shares issued during the year	1 469	-	-	-	-	-	1 469
Shares redeemed	(41)	-	-	-	-	-	(41)
Forfeiture of member interest funds	-	9	-	-	-	-	9
Surplus in re-evaluation to fair value of investments available for sale	-	-	-	-	15 049	-	15 049
Adjustment against deferred taxation	-	-	-	-	(2 244)	-	(2 244)
Profit for the year	-	-	-	-	-	10 193	10 193
Bonusses declared	-	-	-	-	-	(4 483)	(4 483)
Deferred	-	-	-	-	-	(1 921)	(1 921)
Cash	-	-	-	-	-	-	-
Transfer (from accumulated profits)/to contingency reserve	-	-	-	3 789	-	(3 789)	-
Balance on 1 March 2005	1 974	6 326	-	29 588	27 211	-	65 099
Shares issued/called up during the year	262	-	-	-	-	-	262
Shares redeemed	(52)	-	-	-	-	-	(52)
Forfeiture of member interest funds	-	-	-	-	-	-	-
Capitalisation shares received - Cape Agri	-	-	-	-	-	-	-
Increase in fair value reserve due to lowering of taxation rate	-	-	-	-	75	-	75
Accumulated profits on disposed investment transferred to the income statement	-	-	-	-	-	-	-
Surplus upon re-evaluation to fair value of investments available for sale	-	-	-	-	44 283	-	44 283
Adjustment against deferred taxation	-	-	-	-	(6 323)	-	(6 323)
Profit for the year	-	-	-	-	-	12 140	12 140
Bonusses declared	-	-	-	-	-	(5 740)	(5 740)
Deferred	-	-	-	-	-	(2 460)	(2 460)
Cash	-	-	-	-	-	-	-
Transfer (from accumulated profits)/to contingency reserve	-	120	-	3 940	-	(3 940)	-
Transfer of capital profits upon sale of assets	-	-	-	(120)	-	-	-
Balance on 28 February 2006	2 184	6 446	-	33 408	65 246	-	107 284

In accordance with Section 86(3) of the Co-operatives Act the General Reserve may only be utilised to compensate for capital losses.

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale
KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006

	AANTEKE- NING	Groep		Koöperasie	
		2006 R'000	2005 R'000	2006 R'000	2005 R'000
Kontantvloei uit bedryfs- aktiwiteite					
Kontantontvangste vanaf kliente		394 204	353 460	281 064	260 808
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		(379 394)	(353 161)	(227 202)	(278 981)
Kontant deur bedrywighede voortgebring/(benut)	19	14 810	299	53 862	(18 173)
Rente ontvang	17	183	112	3 471	5 602
Rente betaal	18	(16 235)	(12 128)	(12 358)	(11 726)
Dividende ontvang		1 780	1 462	1 780	1 462
Belasting betaal	20	(3 995)	(4 192)	(1 950)	(1 291)
Netto kontant uit/(aange- wend in) bedrywighede		(3 457)	(14 447)	44 805	(24 126)
Ledetransaksies					
Aandele uitgereik en ingetrek - netto		210	1 418	210	1 427
Ledebelangfonds terugbetaal	21	(2 308)	(5 162)	(2 308)	(5 162)
Vergoeding aan lede	22	(1 921)	(2 325)	(1 921)	(2 325)
Netto kontant aangewend in ledetransaksies		(4 019)	(6 069)	(4 019)	(6 060)
Toevoeging tot eiendom, aanleg en toerusting	3	(16 963)	(16 942)	(9 702)	(4 069)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		1 053	1 043	138	336
Opbrengs met verkoop van aandele	1	-	-	1	-
Lenings aan filiale terugbetaal/ (toegestaan)		-	-	(200)	3 919
Netto kontant uit/(aangewend in) beleggingsaktiwiteite		(15 909)	(15 899)	(9 763)	186
Langtermynlenings aangegaan		-	8 998	-	-
Langtermynlenings terugbetaal		(1 966)	(3 314)	(982)	(1 019)
Korttermynlenings aangegaan/ (terugbetaal)		23 215	36 031	(34 439)	36 085
Netto kontant uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite		21 249	41 715	(35 421)	35 066
Toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		(2 136)	5 300	(4 398)	5 066
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	10	5 305	5	4 291	(775)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	10	3 169	5 305	(107)	4 291

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LIMITED and its subsidiaries
CASH FLOW STATEMENT for the year ended 28 February 2006

	NOTES	Group		Co-operative	
		2006 R'000	2005 R'000	2006 R'000	2005 R'000
Cash from operating activities					
Cash received from clients		394 204	353 460	281 064	260 808
Cash paid to employees and suppliers		(379 394)	(353 161)	(227 202)	(278 981)
Cash generated through operating activities / (utilised)	19	14 810	299	53 862	(18 173)
Interest received	17	183	112	3 471	5 602
Interest paid	18	(16 235)	(12 128)	(12 358)	(11 726)
Dividends received		1 780	1 462	1 780	1 462
Tax paid	20	(3 995)	(4 192)	(1 950)	(1 291)
Net cash from / (applied in) operations		(3 457)	(14 447)	44 805	(24 126)
Member transactions					
Shares issued and recalled - net		210	1 418	210	1 427
Members' interest fund repaid	21	(2 308)	(5 162)	(2 308)	(5 162)
Remuneration of members	22	(1 921)	(2 325)	(1 921)	(2 325)
Net cash utilised in member transactions		(4 019)	(6 069)	(4 019)	(6 060)
Additions to property, plant and equipment	3	(16 963)	(16 942)	(9 702)	(4 069)
Yield with sale of property, plant and equipment		1 053	1 043	138	336
Yield with sale of shares		1	-	1	-
Loans to subsidiary repaid/ (granted)		-	-	(200)	3 919
Net cash from/(applied in) investment activities		(15 909)	(15 899)	(9 763)	186
Long term loans incurred		-	8 998	-	-
Long term loans repaid		(1 966)	(3 314)	(982)	(1 019)
Short term loans incurred/(repaid)		23 215	36 031	(34 439)	36 085
Net cash from/(applied in) financing activities		21 249	41 715	(35 421)	35 066
Increase/(decrease) in cash and cash equivalents		(2 136)	5 300	(4 398)	5 066
Cash and cash equivalents at the beginning of the year	10	5 305	5	4 291	(775)
Cash and cash equivalents at the end of the year	10	3 169	5 305	(107)	4 291

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006

1 Opsomming van beduidende rekeningkundige beleide

Die hoof rekeningkundige beleid toegepas in die voorbereiding van die finansiële state word hieronder uiteengesit. Hierdie beleid is in alle wesenlike opsigte konsekwent met die beleid soos in die vorige jaar toegepas, tensy anders vermeld.

1.1 Konsolidasiegrondslag

Konsolidasie

Filiale, wat daardie entiteite is waarin die groep 'n belang van meer as die helfte van die stemreg het, of andersins oor die mag beskik om die finansiële state en bedryfsbeleid te beheer, word gekonsolideer. Filiale word gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer na die Groep oorgedra word en word nie meer gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer ophou nie.

Die aankoopmetode van rekeningkunde word gebruik om die verkryging van filiale te verantwoord. Die koste van 'n verkryging word gemeet teen die billike waarde van die gegewe bates, aandele uitgereik en laste wat op die datum van verkryging aanvaar word, plus koste wat regstreeks aan die verkryging toegeskryf kan word. Die oormaat van die koste van verkryging bo die billike waarde van die netto bates van die filiaal wat verkry is, word as klandisiewaarde te boek gestel.

Intergroep transaksies, -saldo's en ongerealiseerde winste op transaksies word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel, tensy koste nie verhaal kan word nie. Indien nodig, is die rekeningkundige beleid van filiale verander om ooreenstemming te verseker met die beleid wat deur die Groep aanvaar is.

Klandisiewaarde

Op elke balansstaatdatum oordeel die Groep of daar enige aanduiding van verswakking is. Indien sodanige aanduidings bestaan, word 'n ontleding uitgevoer om te oordeel of die drabedrag van klandisiewaarde ten volle verhaalbaar is. 'n Afskrywing word gemaak indien die drabedrag die verhaalbare bedrag oorskry.

Klandisiewaarde verteenwoordig die surplus van die koste van 'n verkryging bo die billike waarde van die koöperasie se deel van die netto identifiseerbare bates van die verkrygde filiaal soos op die datum van verkryging. Klandisiewaarde word getoon as 'n ontasbare bate.

1.2 Buitelandse valuta omskakeling

(a) Funksionele en verslagdoenings geldeenheid

Items ingesluit in die finansiële state van die Groep word gemeet deur gebruikmaking van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit sy bedrywighede beoefen ("die funksionele geldeenheid").

(b) Transaksies en saldo's

Buitelandse valuta transaksies word omgeskakel na die funksionele geldeenheid deur die heersende wisselkoerse op die datums van die transaksies te gebruik. Buitelandse valuta winste en verliese voortvloeiend uit die vereffening van sulke transaksies en van die omskakeling op jaareind wisselkoerse van monetêre bates en laste gedenomineer in buitelandse geldeenhede word erken in die inkomstestaat, behalwe wanneer dit uitgestel word in ekwiteit as kwalifiserende kontantvloeiskanse en kwalifiserende skanse van netto beleggings.



Veranderinge in die billike waarde van monetêre sekuriteite gedenomineer in buitelandse geldeenhede geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop word ontleed tussen die omskakeling verskille voortvloeiend van veranderinge in die geamortiseerde koste van die sekuriteit en ander veranderinge in die drawaarde van die sekuriteit. Omskakelingsverskille word erken in wins en verlies terwyl ander veranderinge in die drawaarde in ekwiteit erken word.

Omskakelingsverskille op nie-monetêre finansiële bates en laste word aangebied as deel van die billike waarde wins of verlies. Omskakelingsverskille op nie-monetêre finansiële bates en laste wat as billike waarde deur wins en verlies geklassifiseer is, word erken in wins en verlies as deel van die billike waarde wins of verlies. Omskakelingsverskille op nie-monetêre finansiële bates en laste wat as gehou vir verkoop geklassifiseer is, word ingesluit in die billike waarde reserwe in ekwiteit.

1.3 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting verteenwoordig oorwegend eienaar-geokkupeerde eiendom wat met verkryging teen kosprys te boek gestel word. Koste sluit in alle koste wat direk daaraan toeskryfbaar is om die bate in 'n werkende toestand te bring vir sy bedoelde gebruik. Alhoewel die direkteure van mening is dat die markwaarde daarvan die kosprys wesenlik oorskry, word vaste eiendom nie herwaardeer nie. Surplus eiendom, wat hoofsaaklik bestaan uit stoorgeriewe, word verhuur wanneer dit nie self benut word nie. Dit word derhalwe nie geag beleggingseiendomme te wees nie en word soos ander geboue gehanteer.

Latere kostes word ingesluit in die bates se drawaarde of word as 'n aparte bate erken, soos toepaslik, net wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele verwant aan die item na die Groep sal vloei en die koste van die item betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel en onderhoudskostes word in die inkomstestaat afgeskryf in die finansiële periode wat dit aangegaan is.

Waardevermindering word opgeneem deur 'n debiet na inkomste op 'n reguitlyn-grondslag ten einde die koste van die bates af te skryf tot 'n waarde gelykstaande aan hul reswaarde oor die verwagte nuttige lewensduur van die bates. Geen voorsiening is vir waardevermindering op grond gemaak nie, aangesien dit geag word 'n oneindigende lewensduur te hê. Die koerse van afskrywing is soos volg:

Graansilomasjinerie	: 20 – 22 jaar	Ander geboue	: 50 jaar
Masjinerie en gereedskap	: 5 – 22 jaar	Laboratoriumtoerusting	: 5 – 10 jaar
Voertuie	: 4 – 11 jaar		
Kantoortoerusting	: 2 – 11 jaar		
Fabrieksgebou	: 30 – 50 jaar		

Die bates se reswaardes en nuttige lewensdure word hersien, en aangepas indien toepaslik, op elke balansstaatdatum.

Waar die drawaarde van 'n bate groter is as die beraamde verhaalbare bedrag word dit onmiddelik afgeskryf na die beraamde verhaalbare bedrag.



Onvoltooide kapitaalprojekte van filiale word ingesluit by masjinerie en gereedskap teen kosprys. Waardevermindering word bereken vanaf die datum waarop die bates reg is vir bedoelde gebruik.

1.4 Waardedaling van nie-finansiële bates

Bates wat 'n nie-definitiewe nuttige lewensduur het, word nie geamortiseer nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat geamortiseer word, word hersien vir waardedaling wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede aandui dat die drawaarde nie meer in geheel verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee 'n bate se drawaarde die verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van 'n bate se billike waarde minus verkoopskoste en sy waarde in gebruik. Vir die doeleindes van die beoordeling van waardedaling, word bates gegroepeer in die laagste vlakke waarvoor daar skeibare identifiseerbare kontantvloei is (kontantgenererende-eenhede). Nie-finansiële bates waarvoor voorheen 'n waardedalingsverlies erken is, word by elke balansstaatdatum hersien vir 'n moontlike terugskrywing van 'n waardedalingsverlies.

1.5 Voorraad

Boerderybenodighede, werkswinkelvoorraad, handelsvoorraad, verbruiksmateriaal en grondstowwe word waardeer teen die laagste van kosprys, bereken op die gemiddelde-kostebasis, of netto realiseerbare waarde, met inagneming van veroudering en verkoopbaarheid. Implementevoorraad word waardeer teen die spesifieke kosprys of netto realiseerbare waarde, welke ookal die laagste is. Klaarprodukte word waardeer teen die laagste van kosprys, insluitende grondstof-en direkte koste en verwante produksiekoste, op die gemiddelde kostebasis, of netto realiseerbare waarde.

Graan en Canola word gewaardeer teen laagste van kosprys, op die geweege gemiddelde grondslag, of netto realiseerbare waarde. Koste behels die basisprys plus opbergingsvergoeding. Die Groep het sy rekeningkundige beleid gedurende die jaar onder oorsig verander.

Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopsprys in die gewone loop van sake min die koste van voltooiing en verkoopskoste.

1.6 Finansiële instrumente

Die Groep klassifiseer sy finansiële bates in die volgende kategorieë: teen billike waarde deur wins en verlies, lenings en debiteure, en beskikbaar vir verkoop. Die klassifikasie hang af van die doel waarvoor die finansiële bates aangeskaf is. Bestuur stel die klassifikasie van die finansiële bate vas by die aanvanklike erkenning en heroorweeg hierdie aanwysing op elke verslagdoeningsdatum.

(a) Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies

Hierdie kategorie het twee sub-kategorieë: "finansiële bates gehou vir verhandelings", en daardie finansiële bates aanvanklik aangewys as teen billike waarde deur wins en verlies. 'n Finansiële bate word geklassifiseer ingevolge hierdie kategorie indien dit aangeskaf is hoofsaaklik vir die doel om dit te verkoop in die korttermyn of indien so aangewys deur bestuur. Afgeleide instrumente word ook gekategoriseer as "gehou vir verhandelings" tensy dit aangewys is as



'n verskansingsinstrument. Bates in hierdie kategorie word gekategoriseer as bedryfsbates indien hulle of gehou word vir verhandeling of indien dit verwag kan word dat hulle binne die volgende 12 maande vanaf die balansstaatdatum sal realiseer.

(b) Lenings en debiteure

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie op 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Dit sluit in bedryfsbates, behalwe vir bedryfsbates wat nie binne 12 maande vanaf die balansstaatdatum realiseer nie. Sulke bates word geklassifiseer as nie-bedryfsbates. Lenings en debiteure word geklassifiseer as produksielenings en ander debiteure in die balansstaat.

(c) Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates


Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates is nie-afgeleide finansiële bates wat óf na hierdie kategorie aangewys word óf nie ingevolge een van die ander kategorieë geklassifiseer word nie. Sulke bates word ingesluit in nie-bedryfsbates tensy bestuur van voorneme is om die belegging te verkoop binne 12 maande na die balansstaatdatum.

Gewone toevoegings en vvreemdings van beleggings word erken op transaksiedatum, die datum waarop die Groep hom tot die koop of verkoop verbind. Beleggings word aanvanklik erken teen billike waarde plus transaksiekoste vir alle finansiële bates wat nie gedra word teen billike waarde deur wins en verlies. Finansiële bates wat gedra word teen billike waarde deur wins en verlies word aanvanklik erken teen billike waarde en transaksiekoste word afgeskryf na die inkomstestaat. Beleggings word onderken wanneer die regte om kontantvloei daaruit te ontvang verstryk of indien sulke regte verplaas word en die Groep het aansienlik alle regte en verpligtinge met betrekking tot die belegging verplaas. Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates en finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies word by latere meting gedra teen billike waarde. Debiteure en lenings en gehou-tot-vervalde beleggings word gedra teen geamortiseerde koste deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

Winste en verliese voortvloeiend uit veranderinge in die billike waarde vir die "finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies" kategorie, insluitende rente en dividend inkomste, word aangebied in die inkomstestaat in die periode waarin dit ontstaan.

Veranderinge in die billike waarde van monetêre sekuriteite gedenomineer in 'n buitelandse geldeenheid en geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop word ontleed tussen omskakelingsverskille as gevolg van veranderinge in geamortiseerde koste van die sekuriteit en ander veranderinge in die drawaarde van die sekuriteit. Die omskakelingsverskille word erken in wins en verlies en ander veranderinge in die drawaarde word erken in ekwiteit. Veranderinge in die billike waarde van ander monetêre sekuriteite geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop en nie-monetêre sekuriteite geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop, word erken in ekwiteit.

Wanneer sekuriteite geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop vvreem word of



waardedaling daarop toegepas word, word die opgehoopte billike waarde aanpassings in ekwiteit erken ingesluit in die inkomstestaat as "winste en verliese uit beleggings". Rente op beskikbaar-vir-verkoop beleggings word bereken deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode en word erken in die inkomstestaat. Dividende ontvang uit beskikbaar-vir-verkoop beleggings word erken in die inkomstestaat wanneer die Groep se reg om betaling te ontvang gevestig het.

Die billike waardes van genoteerde beleggings is gebaseer op huidige bodpryse. Indien die mark vir 'n finansiële bate nie aktief is nie (en vir nie-genoteerde sekuriteite), word die billike waarde bepaal met verwysing na waardasietegnieke. Hierdie tegnieke sluit in die gebruik van onlangse transaksies op 'n armlengte grondslag, verwysing na ander instrumente wat wesenlik dieselfde is, verdiskonteerde kontantvloeïe ontledings en opsie prysvasstelling modelle, hoofsaaklik deur gebruik te maak van mark veranderlikes in plaas van spesifieke entiteits veranderlikes.

Op elke balansstaatdatum word daar vasgestel of daar objektiewe bewyse is dat 'n finansiële bate of 'n groep finansiële bates se waarde afgeneem het. In die geval van beskikbaar-vir-verkoop beleggings, word 'n beduidende afname in die sekuriteit se billike waarde beskou as 'n aanduiding dat waardedaling toegepas moet word. Indien sulke inligting bestaan vir beskikbaar-vir-verkoop beleggings, word die opgehoopte verlies, gemeet as die verskil tussen die aanskaffingskoste en die huidige billike waarde, minus enige waardedalingsverlies wat voorheen teen wins en verlies afgeskryf is, verwyder uit ekwiteit en erken in die inkomstestaat. Waardedalingsverliese wat erken word in die inkomstestaat op ekwiteits-instrumente word nie teruggeskryf deur die inkomstestaat nie.


1.7 Billike waarde raming

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in 'n aktiewe mark verhandel (soos verhandelbare en beskikbaar-vir-verkoop instrumente) word gebaseer op die gekwoteerde markprys op balansstaatdatum. Die gekwoteerde markprys wat gebruik word vir finansiële bates wat deur die Groep gehou word, is die huidige bodprys.

Die nominale waarde na inagneming van die voorsiening vir waardedaling vir handelsdebiteure en handelskrediteure word geag die billike waarde te wees as gevolg van die korttermyn verval van hierdie bates. Die billike waarde van finansiële laste vir openbaarmakingsdoeleindes word beraam deur die toekomstige kontantvloeïe te verdiskonteer teen die huidige mark rentekoers wat beskikbaar is aan Groep met soortgelyke finansiële instrumente.

1.8 Handelsdebiteure

Handelsdebiteure word aanvanklik erken teen billike waarde en word later gemeet teen geamortiseerde koste, deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode, minus 'n voorsiening vir waardedaling. 'n Voorsiening vir waardedaling word gemaak, indien daar objektiewe bewyse is dat die Groep nie in staat sal wees om die bedrae te verhaal teen die oorspronklike terme van die ontvangstes nie. Beduidende finansiële swakhede van die debiteur, die waarskynlikheid dat die debiteur insolvent sal raak of finansiële herorganisasie sal ondergaan, of die nie-nakoming of oortreding van betalingsterme word geag 'n aanduiding van waardedaling te wees. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag.



Die verhaalbare bedrag is die netto teenswoordige waarde van verwagte toekomstige kontantvloeie, verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers. Die bedrag van die voorsiening word erken in die inkomstestaat.

1.9 Afbetalingsverkoopoooreenkomste

Die Groep gebruik afbetalingsverkoopoooreenkomste om die verkope van kapitaal-goedere aan klante en 'n filiaal te finansier. Die totale waarde van uitstaande paaie-mente word as die drabedrag van die ooreenkomste geopenbaar. Invorderbaarheid word individueel gemeet en indien dit waarskynlik is dat alle verskuldigde bedrae ooreenkomstig die kontraktuele bepalings van die ooreenkomste nie gevorder sal word nie, word drabedrae met die verwagte waardedalingsverliese verminder.

1.10 Kontant en kontantekwivalente

Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, daggelddeposito's en lopende rekeninge met banke, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekkings word in die balansstaat onder bedryfslaste getoon.

1.11 Langtermynverpligtinge

Langtermynverpligtinge word aanvanklik erken teen billike waarde, netto van transaksiekoste opgeloop. Latere meting is teen geamortiseerde koste; enige verskil tussen die opbrengs (netto van transaksiekoste) en die aflossingsbedrag word erken in die inkomstestaat oor die periode van die verpligting deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoers-metode.

Verpligtinge word geklassifiseer as 'n bedryfslas tensy die Groep 'n onvoorwaardelike reg het om die vereffening uit te stel vir ten minste 12 maande na die balansstaatdatum.

1.12 Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word verskaf, deur die gebruik van die aanspreeklikheidsmetode, vir alle wesentlike tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasisse van bates en laste en hul drawaardes vir finansiële-verslagdoeleindes. Uitgestelde belasting word nie erken indien dit voortvloei uit aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie anders as 'n besigheidskombinasie indien dit op die datum van die transaksie nie die rekeningkundige of belasbare wins of verlies beïnvloed nie. Uitgestelde belasting word bereken deur die vasgestelde belastingkoerse op die balansstaatdatum, en die koers wat verwag word van toepassing sal wees wanneer die verwante uitgestelde belastingbate realiseer of die verwante uitgestelde belastingaanspreeklikheid vereffen sal word, te gebruik.

Uitgestelde belastingbates word erken tot die mate wat dit waarskynlik is dat daar toekomstige belasbare wins sal wees waarteen die tydelike verskil aangewend kan word.

Die vernaamste tydelike verskille ontstaan as gevolg van waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting, opgehoopde verlofvoorsiening, voorsiening vir waarde-daling van debiteure, na-aftrede mediese verpligting, bonusse aan personeel en onbenutte belastingverliese wat oorgedra is.



1.13 Voorsienings

Voorsienings word erken wanneer die Groep 'n huidige wetlike of konstruktiewe verpligting het as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te vereffen en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word. Geen voorsiening vir toekomstige bedryfsverliese word gemaak nie.

Waar daar 'n aantal soortgelyke verpligtinge is, word die waarskynlikheid dat 'n uitvloei van hulpbronne wel vereis sal word bepaal deur die klas verpligtinge as 'n eenheid te oorweeg. 'n Voorsiening word erken al is die waarskynlikheid van uitvloei van hulpbronne met betrekking tot enige item ingesluit in so 'n eenheid, gering.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die betalings wat vereis sal word om die verpligting te vereffen deur 'n voor-belasting koers, wat die huidige markskattings vir die tydwaarde van geld en die risiko's spesifiek tot die verpligting weerspieël, te gebruik.

1.14 Winsdeling en bonusplanne

'n Aanspreeklikheid vir werknemersvoordele in die vorm van winsdeling en bonusplanne word onder krediteure erken, indien daar geen realistiese alternatief is as om die las te vereffen nie, en daar aan minstens een van die volgende voorwaardes voldoen is:

- daar 'n formele plan is, en die bedrae wat betaal moet word, word bepaal voor die tydstip waarop die finansiële state uitgereik word; of
- vorige praktyk het 'n geldige verwagting by werknemers geskep dat hulle 'n bonus of winsdeling sal ontvang en die bedrag voor die tydstip waarop die finansiële state uitgereik word, bepaal word.

Daar word ver wag dat die aanspreeklikheid binne twaalf maande vereffen sal word.

1.15 Hure

Hure, waar 'n beduidende deel van die regte en verpligtinge van eienaarskap behou word deur die verhuurder, word geklassifiseer as bedryfshure. Betalings gemaak onder bedryfshure (netto van enige insentiewe ontvang vanaf die verhuurder) word afgeskryf in die inkomstestaat op 'n reguitlyn grondslag oor die periode van die huur.

1.16 Na-aftrede mediese voordele

Afgetrede personeel behoort aan die mediese skema van die koöperasie. Maandelikse bydraes van hierdie afgetrede lede word gesubsidieer. Ten einde hierdie omskrewende voordeelverpligting te befonds, word die mediese koste bereken met gebruikmaking van die geprojekteerde eenheid kredietmetode. Waardasies van die verpligting word gereeld gedoen deur onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse. Onder hierdie metode word die koste om voorsiening te maak vir na-aftrede mediese voordele in die inkomstestaat afgeskryf om die koste oor die lewensverwagting van afgetrede werknemers te versprei op grond van advies van 'n gekwalifiseerde aktuaris wat gereelde waardasies van die plan uitvoer. Die toekomstige verpligting word elke drie jaar aktuarieël waardeer. Die jongste aktuarieële waardasie is op 28 Februarie 2005 gedoen. Enige aktuarieële winste of verliese word in die inkomstestaat erken.

1.17 Pensioenskema reëlings

Die Groep bedryf 'n pensioenfonds wat bestaan uit 'n omskrewedydraeplan. 'n Omskrewedydraeplan is 'n pensioenplan waarvolgens die Groep vaste bydraes in 'n afsonderlike entiteit ('n fonds) inbetaal en geen wetlike of afgeleide verpligting sal hê om verdere bydraes te betaal, indien die fonds nie oor toereikende bates beskik om alle werknemersvoordele met betrekking tot werknemersdiens in die huidige en vorige tydperke te betaal nie. Die bydraes vorm deel van die werknemers se totale koste van indiensname en word as sodanig by personeelkoste ingesluit.

1.18 Tesourie-aandele

Aandele in die koöperasie wat deur Technifarm (Proprietary) Limited, SSK Vervaardigers (Eiendoms) Beperk en Southern Oil Beperk gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die opbetaalde aandele hanteer. Die kosprys van die aandele word teen die Groep se ekwiteit verreken.

1.19 Ledefondse

Die koöperasie verklaar jaarliks bonusse aan sy lede op 'n grondslag wat vir die koöperasie en sy lede belastinggewys die voordeligste is. Die uitgestelde bonusse voortvloeiend hieruit word geag 'n bron van finansiering te wees en word as sulks nie as 'n langtermynlas geklassifiseer nie.

1.20 Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop

Nie-bedyfsbates word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien hul drawaarde hoofsaaklik verhaal sal word deur middel van 'n verkooptransaksie en nie deur toekomstige gebruik nie. Sulke bates kan 'n komponent van 'n entiteit, 'n vervreemdingsgroep of 'n individuele nie-bedryfsbate wees.

Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop word gemeet teen die laagste van die nie-bedryfsbate se drawaarde of billike waarde minus verkoopskoste.

Waardedalingsverliese word erken op enige aanvanklike of latere afskryf van nie-bedryfsbates gehou vir verkoop na hul billike waarde minus verkoopskoste behalwe tot die mate wat daar reeds voorheen 'n waardedaling erken is.

1.21 Segmentverslagdoening

Geen segmentering word verskaf nie aangesien die Groep in Suidelike-Afrika handel dryf in landbouverwante produkte en dienste.

1.22 Inkomste erkenning

Inkomste bestaan uit die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar vir die verkoop van goedere in die gewone loop van sake. Inkomste word getoon, netto van Belasting op Toegevoegde Waarde, geskatte terugsendings, kortings en afslag. Inkomste word as volg erken:

(a) Verkope

Inkomste verdien uit die verkope van goedere word as inkomste erken sodra alle wesentlike risiko's en eiendomsreg van die produk na die koper oorgedra is. Inkomste uit die verkope van goedere wat met afbetalingsverkoop-ooreenkomste gefinansier word, word as inkomste erken na fakturering van die transaksies en ondertekening van die ooreenkomste.



(b) *Dienste gelewer*

Inkomste uit die dienste gelewer word erken soos en wanneer die diens gelewer word, of, wanneer van toepassing, volgens kontrak of ooreenkoms.

(c) *Silo inkomste*

Die invordering van silokoste geskied gedeeltelik by inname van graan of die uitreik van verhandelbare silosertifikate, met die saldo by onttrekking van graan of aanbied van silosertifikate. Die presiese verhoudings waarin kostes verhaal word wissel van geval tot geval.

(d) *Rente inkomste*

Rente inkomste word erken op 'n tydtoedelingsbasis deur die effektiewe rentekoersmetode te gebruik. Wanneer 'n saldo ontvangbaar se waarde gedaal het, word die drawaarde na die verhaalbare bedrag verminder. Die verhaalbare bedrag is die toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die instrument en die volgehoue afrol van die korting word as rente inkomste erken. Rente inkomste op lenings waarop waardedaling toegepas is, word erken deur die oorspronklike effektiewe rentekoers te gebruik.

2 Kritiese rekeningkundige ramings, aannames en beoordelings

Rekeningkundige ramings, aannames en beoordelings word deurlopend geëvalueer en word gebaseer op historiese kennis en ander faktore, ingesluit verwagte toekomstige gebeurtenisse wat geag word redelik te wees onder die omstandighede.

Die Groep maak ramings en aannames met betrekking tot die toekoms. Die gevolglike ramings sal selde gelykstaande wees aan die werklike resultate. Die ramings en aannames wat 'n beduidende risiko van wesenlike aanpassings aan die drabedrag van bates en laste gedurende die volgende finansiële jaar sal inhou is:

(a) *Eiendom, aanleg en toerusting*

